

Ds. A. W. C. Bester  
Warmbad  
20 September 1970

Onderwerp: Dien God met jou lewe

Lees: Matthéüs 6 verse 25 tot 34  
Matthéüs 16 verse 24 tot 28  
Teks: Matthéüs 6 vers 33  
Matthéüs 16 vers 26  
Sing: Psalm 91 vers 5  
Gesang 33 verse 5 en 7  
Gesang 11 vers 6

“Elke mens in hierdie wêreld het ’n eie lewenstaak en lewensroeping. Die een is geroep om te regeer, die ander om te onderrig, ’n ander om handel te dryf; en ’n ander om hande-arbeid te verrig. Dit is ’n taak en roeping wat ons van die HERE ontvang het. ’n Taak waarvan ons ook eenmaal voor God rekenskap sal moet gee.

“Sowel die koning wat regeer, die onderwyser wat onderrig en die huismoeder wat haar huishouding bestuur, doen dit deur die genade van God; en ons moet dit doen asof ons dit vir die HERE doen.

“Mense is geneig om verskillende beroepe as minder or meer belangrik te ag. Wat belangrik is, is die wyse waarop elke taak verrig word. Die skoenmaker wat sy werk vir God doen, is verhewe bo selfs die staatsleier wat sy amp nie tot eer van God bekleed nie. Wie daarom sy lewenstaak nie met nougesetheid, asof onder die alsiende oog van God verrig nie, mag nie op die seën van God reken nie.

“Daarom: ‘Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag’. (Pred 9:10) ‘Die HERE laat die regverdige nie honger ly nie, maar die begeerlikheid van die goddelose stoot Hy weg. Hy word arm wat met ’n traë hand werk, maar die hand van die vlytiges maak ryk. Hy wat in die somer wegbêre, is ’n verstandige seun; hy wat vas slaap in die oestyd, is ’n seun wat skande maak.’ (Spr 10:3-5)

“Dit is dus geregverdig om van elke mens te eis om sy amp en taak uit te voer as ’n opdrag wat God aan hom of haar gegee het.

“Behalwe ons aardse maatskaplike taak, het elke mens ook ’n geestelike opdrag van God ontvang, wat hy of sy onder die wakende oog van God moet vervul.

“Nie alleen die liggaam nie, maar ook die siel moet versorg word. Die mens leef nie alleen vir die teenswoordige nie, maar ook vir die toekomstige wêreld. Die mens moet nie alleen gevoed en gekleed word nie, maar moet ook opgevoed word vir die Ewigheid. Die lewe opsigself is geen doel nie, maar is die weg tot ’n doel. Daarom moet by alles rekening gehou word met die hoë doel wat God met die mens het.

“Hierdie tweede taak moet nie maar net naas die eerste vervul word as ’n bykomstigheid nie, maar moet vêr bo die eerste verhewe wees: ‘Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33) ‘Want wat baat dit ’n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?’ (Matt 16:26)

“Wie bo alles eers sy siel versorg, sal ook sy liggaam versorg kry, want op so iemand sal die seënende hand van God rus.

“Hierteenoor keer die mens meestal hierdie orde om en put hom allereers uit vir die versorging van sy liggaam. As daar dan nog tyd en krag en lus oor is, dan wil hy dit aan sy siel bestee. Langs hierdie weg kom daar nie veel tereg nie. Dit is hoekom daar soveel mense in ellende, verwaarlosing en kommer sterwe.

“Daar is mense wat dit vêr bring op maatskaplike gebied en veel skatte van eer en roem op aarde verwerf, maar hulle word nie ryk aan God nie. Wanneer hulle aardse lewe skielik tot ’n einde kom en hulle by die uitblaas van die laaste asem voor God te staan kom, staan hulle met leë hande voor die Ewigheid. Hulle het niks vermag wat waarde voor God en die siel en die Ewigheid het nie. So ’n lewe is ’n mislukte lewe, al het dit die hoogste sport op die maatskaplike leer bereik.

“Die doel van die lewe is om ryk te word vir die Ewigheid en waar hierdie doel nie bereik word nie, is daardie lewe ’n verlore lewe. In die finale instansie gaan dit nie oor of die wêreld ons bewonder het en die mense diep voor ons kom buig het nie, maar of ons ryp is vir die Ewigheid. Waar dit nie geskied het nie, het die lewe misluk. Waar dit wel geskied, is die hoogste lewensdoel bereik, al sou ’n mens dan ook as ’n behoeftege sterf.

“Die groot lewensvraag is of ons in die lewe skatte versamel het wat waarde het vir die Ewigheid. Alle lewenservaring moet dan ook in hierdie lig gesien word. So kan die lewensweelde tot ’n mens se skade wees; en lewenssmart ’n wins. So kan die koning wat

veertig jaar regeer het, tevergeefs geleef het; en die kranke wat veertig jaar op 'n siekbed gekluister was, die hoogste lewensdoel bereik het.

“'n Pragtige voorbeeld hiervan was die lewensverhaal van die wyse Salomo. Toe hy as koning gesalf is, het God aan hom verskyn en gesê: ‘Begeer wat Ek jou moet gee.’ (1 Kon 3:5) Waarop Salomo geantwoord het: ‘Gee dus aan u kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?’ (1 Kon 3:9) Oor hierdie wyse keuse was God verheug en het vir Salomo gesê: ‘Omdat jy hierdie versoek gedoen het en nie vir jou 'n lang lewe begeer het en nie vir jou rykdom begeer het en nie die lewe van jou vyande begeer het nie, maar vir jou verstand begeer het om regsake te verhoor, so doen Ek dan volgens jou woord: Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart, sodat een soos jy vóór jou nie gewees het en een soos jy ná jou nie sal opstaan nie. Ja, selfs wat jy nie begeer het nie, sal Ek jou gee, rykdom sowel as eer, sodat onder die konings niemand soos jy sal wees al jou dae nie.’ (1 Kon 3:11-13)

“Voor God was dit dus verstandig dat Salomo 'n wyse hart begeer het bó die weelde en genot van hierdie lewe. So is dit God welgevallig wanneer ons die geestelike dinge stel bó die tydelike; die versorging van die siel stel bó die versorging van die liggaam. Wanneer dit by ons lewe gaan meer om ryp te word vir die Ewigheid, as om 'n paradys hier op aarde te vind. Om God te dien is 'n lewensvoorwaarde, 'n lewens-eis.

“Tyd is ondergeskik aan die Ewigheid. Só ook moet ons tydelike lewe ondergeskik wees aan die Ewige lewe. Daaraan moet alles diensbaar en ondergeskik gemaak word. Daarom kan God 'n ontsettende lewenstragedie gebruik om 'n siel te red; en die wêreld in ons afbreek, om die Hemel in ons op te bou. Daarom gaan die weg na die Hemel vir baie deur Getsemane; en was Golgota nodig om ons te red.

“Skryf bo-aan u lewensboek en herhaal bo elke bladsy: Dit gaan in my lewe om die ewigheid en alles moet daaraan ondergeskik gemaak word.

“Diegene wat weet dat die siel belangriker is as die liggaam, kan saam met die Psalmdigter sê: ‘Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!’ (Ps 139:23,24)

“Amen.”